

Saterdag 8 Desember

Skrifgedeelte: Romeine 8:14-30;
Galasiërs 4:6

Fokusgedeelte: Romeine 8:15, 26;
Matteus 6:9; Heidelbergse Kategismus
46:120

Die armoede van die gebed

In die vorige dagstukkies het ons gelees van die rykdom van die gebed. Daar is egter 'n ander kant, naamlik die armoede van die gebed. Die armoede bestaan daarin dat ons gebede eintlik 'n *roep* tot God is.

Dit is opvallend dat daar in Romeine 8:15 nie “sê” of “bid” staan nie, maar *roep*. Die woordjie “roep” in Romeine 8:15 en Galasiërs 4:6 het 'n Ou-Testamentiese agtergrond. Ons lees telkens dat Israel tot die Here roep (Eks. 22:23; Rigt. 3:9; Ps. 22:6, 1953-vertaling). Wat beteken dit?

Roep veronderstel 'n noodsituasie. Ons gebede is eintlik 'n roep. Ons roep vanuit 'n onvolmaakte wêreld. Die gebed as *roep* teken die nood waarin die gelowige staan.

Verder teken Romeine 8:26 die armoede van die gebed deur te stel dat die Gees ons in ons swakheid (enkelvoud) moet help. Ons swakheid is so erg dat ons nie weet wat om te bid nie. By die gelowige is daar 'n groot onvermoë om te bid. Swakheid dui dus op iets tiperend van die gelowige vir solank hy nog in hierdie bedeling van skuld en gebrokenheid lewe. Uit hierdie swakheid kom die armoede en hulpeloosheid van die gelowige in ons gebede na vore. Daarom is ons gebed eintlik 'n roep vanuit ons swakheid en nood.

Die troos vir elke gelowige in Jesus Christus is egter: Al is die onvermoë om te bid so radikaal, tree die Heilige Gees self vir ons op so 'n manier in dat ons gebede ooreenkomstig die wil van God is (:27). Ons mag dus, beter gestel: moet dus, bid.

Armoede? Ja, maar ook rykdom – ons gebede word opgeneem en gesuiwer deur die Gees om dit dan aan ons Hemelse Vader voor te hou. 'n Hemelse Vader in Jesus Christus ons Here, 'n Hemelse Vader wat weet wat ons nodig het en wat vir sy kinders sorg.

Sing: Skrifberyming 17-1:1, 5

Ds. PA (Peet) Coetzee (Emeritus)